DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

h/v Erasmus & McDonaldstraat
Posbus 100
Faunapark
0787

Telefoonnr : 015 – 296 0054
Faksnr : 086 293 4674
E-pos : gkerkpburgsuid@telkomsa.net
Webwerf : www.gereformeerd.co.za

17 Maart 2020

Hier volg Die Gereformeerde Kerk Pietersburg se standpunt en voortspruitende besluite na aanleiding van die Staatspresident se verklaring i.v.m. COVID-19.

Baie dankie aan Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult vir hulle skrywe wat ons as basis gebruik het vir hierdie verklaring: Liewe broer en suster: Op 'n manier het niks verander nie en op 'n manier het alles verander. Wat nie verander het nie is dat ons as Pietersburg-gemeente se roeping steeds bly om uit Hom, deur Hom en tot Hom te lewe. Ons wil steeds Koninkryksgerig lewe en ons bediening vanuit die gemeente so inrig. Wat wel verander het, is dat ons omgewing en omstandighede met die verspreiding van die aansteeklike virus nou skielik anders lyk. Ons taak is om ons roeping uit te leef binne die beperkinge wat die uitbreek van die virus meebring. Ons, as kerkraad het besluit, in die lig van die aankondiging van die regering se pogings om die Korona Covid-19 virus se verspreiding te beperk, om tot verdere kennisgewing nie met enige groepaktiwiteite binne die gemeente in die huidige formaat voort te gaan nie. Ons kies om, ter wille van mekaar en die gemeenskap waarin ons as kerk lewe, die owerheid te ondersteun in sy pogings om, met sy verbod op byeenkomste van meer as 100 mense asook ander kleiner byeenkomste wat nie noodsaaklik is nie, die virus te bekamp. Ons meen dit is die verantwoordelike ding om te doen. Ons belydenis gee vir ons die riglyn in die verklaring van die 6de gebod: Jy mag nie doodslaan nie, beteken ook die volgende: "Ek mag myself nie moedswillig in gevaar begewe nie" en "ons moet alles wat ons naaste kan benadeel sover moontlik probeer voorkom".

Die opdrag van die owerheid is nie gerig teen die Christelike godsdiens nie en plaas ons dus nie voor 'n keuse om in die geval aan God meer gehoorsaam te wees as aan die owerheid nie. Die besluit is in lyn met dit wat wêreldwyd gebeur. Dit gaan vir ons ook nie oor 'n magiese getal van 100 nie, maar oor die beginsel dat dit nie wys is dat mense nou in groepe bymekaar kom nie, maar die Woordbediening moet bly gebeur.

Die implikasie hiervan is dus die volgende:

Eredienste: Geen samekomste by die GK Pietersburg se kerkgebou nie tot en met Sondag 13 April 2020. Dit sluit katkisasie in. Alternatiewe reëlings sal spoedig, in oorleg met kinders en ouers, getref word. Ons is in beplanning om met behulp van kundiges die moontlikheid vir lewendige uitsendings te ondersoek. Intussen kan u by enige ander Gereformeerde Gemeente se lewendige uitsendings of Radio Pretoria se uitsendings inskakel. U kan ook gaan kyk by: https://www.youtube.com/user/gkbrooklyn/live

Groepe: Ons versoek alle groepe in die gemeente om steeds in gemeenskap met mekaar te leef, maar sover as moontlik d.m.v. digitale hulpmiddels. Indien groepe om gewigtige redes besluit om wel fisies bymekaar te kom, versoek ons hulle om ernstig gehoor te gee aan die regeringsmaatreëls t.o.v. die bekamping van die verspreiding van die virus: https://sacoronavirus.co.za

Ander gemeentelike byeenkomste: Die geskeduleerde Dopperdoorfees is gekanselleer.

Begrafnisse: Indien daar begrafnisse gedurende hierdie tydperk sou moes plaasvind, sal dit met die familie opgeneem word om dit so goed as moontlik te bestuur.

Pastorale werk: Persoonlike pastorale werk deur die predikant gaan voort. Die predikant bly beskikbaar om persoonlik gekontak te word soos nodig met inagneming van die maatreëls.
Die Kerkraad doen 'n beroep op u as gemeente om nie u bydraes te staak om die erediens in stand te hou of die Diakonie in staat te stel om hulle hulpwerk te bly doen nie. U kan elektroniese oorbetalings doen of u koeverte by die kerkkantoor kom afgee. U kan ook vir Daleen Coetsee of u ouderling skakel om u bydrae te kollekteer.

Ons het die verwagting dat ons nie net kan voortgaan om kerk te wees nie, maar dat die Here vir ons nuwe praktyke en geleenthede sal gee om getrou aan Hom in hierdie wêreld te leef. Die omstandighede dwing ons om vanuit die beginsels en betekenis van bestaande gebruike soos eredienste, te dink oor hoe ons op ander maniere die Here steeds kan aanbid en dien. Ons wil almal uitnooi om biddend kreatief saam met ons te dink oor hoe ons ware kerk van die Here in die omstandighede kan wees. Julle is welkom om kommentaar hieroor aan die kerkkantoor deur te stuur.

Omdat ons nie net aan onsself moet dink nie versoek ons die gemeente om t.w.v die mees kwesbare mense in ons gemeente en gemeenskap, medeverantwoordelikheid te neem in hoe jy die oordrag van die virus probeer voorkom. Wees asb daarop gerig om vrees en paniek teen te werk deur nie fopnuus op sosiale media te versprei nie. Ons word juis in tye soos hierdie geroep om Jesus ook deur ons dade sigbaar te maak. As gelowiges het ons die roeping om nou te lewe, terwyl die vrede van Christus die deurslag gee in ons lewens en waghou oor ons gedagtes. In Jeremia 29 vind ons vir Israel as ballinge in Babel – dis 'n plek waar hulle nie wil wees nie, dis 'n plek waar dit onmoontlik lyk om te kan lewe – maar dan sê die Here vir die ballinge: Soek die vrede van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, en bid daarvoor tot die Here; want in die vrede daarvan sal julle vrede hê. Mag ons wat Jesus Christus, die Vrede van God, ken ook sy vrede aan mekaar en ander bedien.

Groete in Christus

Die Kerkraad van GK Pietersburg

.....

Ds SP Venter – Voorsitter

.....

Oudl Cassie Carstens – Skriba Ouderlinge